- c) mittels **-tjie** Wörter, die mit einem langen Vokal oder mit einem nach langem oder unbetontem Vokal stehenden l, n oder r endigen: klou — kloutjie, stoel — stoeltjie, tuin — tuintjie, blaar — blaartjie, tafel — tafeltjie;

¹⁾ Siehe J. Hoge: Ondersoekings oor die gebruik v. d. verkleinwoord in Afr. (Annale v. d. Univ. v. Stellenbosch. Jg. X, B. Aufl. 1, 1932).

- d) mittels **-etjie** Wörter auf l, m, n, ng und r mit vorangegehendem kurzen betonten Vokal: dam — dammetjie, manél — manéletjie, kan — kannetjie, gang — gangetjie, ster — sterretjie;
- e) mittels **-entjie** meistens Wörter, die auf einen betonten Vokal enden und in der nbl. Grundform ein n aufweisen: wa (ndl. wagen) — waentjie, nooi — nooientjie;
- f) mittels **-kie** mehrsilbige Wörter auf -ng, deren Endsilbe nicht betont ist: koning — koninkie, woning — woninkie (anstelle des Belars, der im Auslaut sowieso als k ausgesprochen wird, wird auch k geschrieben);
- g) mittels **-pie** Wörter auf -m mit vorangegehendem langen Vokal oder Konsonant: toom — toompie, skelm — skelpie, arm — armpie.

Ann.: Eine Reihe von Subst. erhalten in der Diminutivbildung Vokaldehnung oder Verdoppelung des Endkonsonanten. Es gelten hierbei dieselben Bedingungen wie bei der Mehrzahlbildung der betr. Wörter: blad — blaadjie, vat — vaatjie, pad — paadjie, glas — glasie, spel — spelletjie (auch: speletjie), rib — ribbetjie.

Übungen — Oefeninge

a) Schreibe die nachfolgenden Sätze in der Diminutivform!

1. My duif het 'n mooi kuif.
2. Die muggie steek die kind in sy rug.
3. Die vrou bak 'n lekker koek.
4. In die kamer brand die lamp.
5. Op die graf staan 'n wit kruis.
6. Die os en die esel is in die stal.
7. Die man sing 'n ou lied.
8. Die Kaffer het sy hut van gras en strooi gebou.
9. Die wilde kat wat ons gevang het, het 'n skerp klou.
10. Die voël het uit sy kooi weggevlieg.
11. My broer bring die skoen na die skoenmaker.
12. Die lepel en die vurk lê in die skuiflaai.
13. Die neutkraker en die huissleutel lê op die tafel.
14. Die pan en die ketel staan op die stoof in die kombuis.
15. 'n Vonk van die vuur het die houtstapel aan die brand gesteek.
16. Agter ons woning staan die ossewa en by die dam die perdekar.

17. Die soldaat het sy helm, sy geweer en sy degen aan die museum geskenk.
18. Die wurm het 'n gat in die vloer geboor.
19. Die naam van die kind staan bo-aan op sy skryfboek.
20. My vader het sy sambreel in die dorpswinkel laat staan.

b) Gib die Grundform sämtlicher in nachstehendem Lesestück enthaltenen Diminutiva an!

'n Mak Kwaggatjie

Hier op ons buurman se plaas loop 'n mooi klein kwaggatjie rond. Die ou vulletjie met al daardie swart strepies oor sy hele lyf tot onder by sy hoefies, het al so mak geword dat hy saam met die perde veld-toe gaan, saam daar wei en dan saans huis-toe kom net soos 'n opregte groot meneertjie. Toe ons buurman voorverlede jaar in die winter op 'n skiettog in die laeveld was, het hy en drie seuns die oudjie met die wit neusie gevang.

Hy was toe nog maar klein. Met die afdwaal het die ou vulletjie wat so rats weggespring het, van die drif af in 'n voetpaadjie na die waens runnik-runnik gedraf. En toe tant Koba met 'n emmer water van die spruit kom en hom gewaar, moes 'n mens tog gesien het, hoe sy die emmer water weggooi, en gehoor het, hoe sy na die waens se kant skreeu: „Kwagga! ... Kwagga! ... kom gou, julle mans. ... kom gou!“

Die mans het van die waens aangehardloop en geprobeer om die liewe ou diertjie met al sy strepies in die hande te kry. Dit was tevergeefs, tot 'n ruiter te perd hom op die ou end flou geja het.

Nou draf die gestrepte ou perdjie so mooi saam met die stalperde oor die plaas: arme ou wesie, liewe, mooi ou diertjie! kwaggatjie! wilde kwaggatjie!

Uit „Die Kleinspan“

mak — zahm; kwagga — Zebra; ou — (Rosenwort) lieb; streep — Streifen; voorverlede — vorlehte(r); skiettog — Jagdzug; laeveld — Niederung, Ebene; afdwaal — abirren; rats — flugs; drif — Flußbett; runnik — wiehern; spruit — Bach; hardloop — rennen; flou — schlapp; wesie (Diminutiv) — Waise.

c) Übersetze ins Afrikaans:

Frühling

Aus den Jugendtagen haften mir als eine der schönsten und zartesten Frühlingsgedichte jene Verse von Eduard Mörike unvergeßlich im Gedächtnis:

Frühling läßt sein blaues Band
Wieder flattern durch die Lüfte,
Süße, wohlbekannte Düste
Streifen ahnungsvoll das Land.
Weilchen träumen schon,
Wollen balde kommen.
— Horch, von fern ein leiser Harfenton!
Frühling, ja, du bist's!
Dich hab' ich vernommen!

Wenn die Sonne ihren tiefsten Stand erreicht und der Kalender die längste Nacht verzeichnet hat, wenn ein neues Jahr die ersten Schritte getan hat und wir schon wieder die Tage länger werden sehen, dann kommt uns von Tag zu Tag das Glück stärker zum Bewußtsein, daß Frühling ist. — In Liedern und Versen ist das Lob des Frühlings immer wieder gesungen worden, und Zungen und Pinsel haben ihn gerühmt. Aber immer wieder ist er etwas Neues, sehnsüchtig erwartet und dann freudetrunken begrüßt. — Seht euch den Frühling an. Es ist die schönste Zeit, die der Mensch kennt. Denn es ist die Zeit der Jugend und des Wachsens, die Zeit, da die Knospen sprießen. Er ist der ewige Wunsch unseres Lebens.

Haften — geheg wees; Gedächtnis — geheue; Duft — geur; rühmen — prys; sehnsüchtig — vol heimwee; denn — want; wachsen — groei; Knospe — blomknop, bloeisel.

Leseftück — Leesoeefening

Afrikaanse Wiegeliedjie¹⁾

(Musik von Emiel Hullebroeck)

Lamtietie, damtietie, doedoe my liefstetjie,
Moederhartrowertjie, dierbaarste diefstetjie,
Luister, hoe fluister die wind deur die boompjetjie,
Heen en weer wieg hy hom al oor die stroompjetjie,
„Doedoedoe bladertjies,
Slapenstyd nadertjies;
Doedoedoe blommetjies,
Nag is aan't kommetjies.“
So sing die windjie vir blaartjies en blommetjies.

¹⁾ Die Diminutivform ist der Kindersprache eigen. Dieses Kinderlied jedoch gibt Beispiele einer übertriebenen Diminutivbildung. Der Dichter nennt es selbst: „Liefdesonsin“ Liebesunsinn. Das Lied ist erhältlich bei Alsbach & Co., Amsterdam.

Bo in die bloue lug flikker die sterretjies,
 Hemelse brandwaggies, lampies van verretjies,
 Wakend oor windjies en wolkies en stroompietjies,
 Wakend oor mensies en diertjies en boompietjies,
 „Wees maar gerustetjies,
 Slaap maar met lustetjies.“
 So sing die sterretjies, —
 Stilletjies, verretjies:
 Vuurvliegies, lugliggies, ewige sterretjies!

Onskuldige ogies en voetjies en handetjies,
 Wie weet hoe ver moet my kleintjie nog ganetjies,
 Ver deur die wêreld se kronkels en ganetjies!
 Bly tog maar kleintjies en bly dit maar langetjies,
 Bly maar by moedertjie,
 Kindlief se hoedertjie —
 Slaap in haar arrempies,
 Saggies en warrempies —
 Doekies dan, doekies in moeder se arrempies!

C. J. Langenhoven (1873—1932)

§ 18

Das Adjektiv — Die byvoeglike Naamwoord

A. Gebrauch des Adjektivs

Gebruik van die byvoeglike Naamwoord

Wie im Dt. kommt das Adjektiv oder Eigenschaftswort im Afr. als Attribut oder als Prädikat vor: Die man is ryk (Der Mann ist reich). Daar woon 'n ryk man (Dort wohnt ein reicher Mann).

1. Adjektive, die nur attributiv gebraucht werden:

- Adj., die von Orts- oder Personennamen abgeleitet sind: Afrikaanse taal, Kaapse wyn, Duitse wetenskap, Atlantiese Oseaan, Kantse Filosofie;
- Adj., die Ort, Richtung oder Zeit angeben: die agterste os, die daelikse brood, 'n sydelingse beweging;
- Adj., die von Subst. abgeleitet sind: letterkundige vereniging, ouderlike woning, huislike lewe;
- stoffbezeichnende Adj.: 'n goue ring, 'n yster ketting (auch silwerketting, gla(a)skas).

2. Adjektive, die nur prädiſativ gebraucht werden:

- a) Adj., die mit beſtimmten Verben ſo eng verbunden ſind, daß ſie ſchwer getrennt werden können: *kwyd raak, kwalik neem, wys maak, bloot lê*;
- b) Adj. von Verbalſtämmen: *bewus, begaan, geneig, ingenome, vervul, wenslik*.

Ann.; Einzelne Adj. können auch attributiv gebraucht werden, jedoch wechſelt in dieſem Fall die Bedeutung, je nachdem ſie prädiſativ oder attributiv auftreten:

Hy is in die ſaak betrokke (Er iſt in die Sache verwickelt).

Ons het vandag 'n betrokke lug (Wir haben heute einen bedrückten Himmel).

Hy lyk ingenome daarmee (Er ſcheint davon eingenommen).

'n Ingenome ſtandpunt is moeilik om te verlaat (Ein eingenommener Standpunkt iſt ſchwer aufzugeben).

B. Einteilung der Adjektive — Indeling van die byvoeglike Naamwoorde

Die Adj. werden in zwei Hauptgruppen eingeteilt:

1. Adj., die eine Eigenschaft oder ein Kennzeichen angeben: *mooi, lelik, goed, sleg, ryk, droog, hoog* u. a.
2. Stoffadjektive: *ſilwer, goud, yster, riet, ferweel, koper* u. a. Dieſe Subſt. haben adj. Charakter, wenn ſie attributiv auftreten. Landläufig werden ſie mit dem darauffolgenden Subſt. zuſammengeſchrieben: *ſilwerlepel, ysterpot*. Sie ſind nicht mit den ſog. echten Zuſammenſetzungen zu verwechſeln wie: *erdvark* (erdepot), *klipsalamander* (klipmuur), *waterhond* (waterblaas). In dieſem Fall ſind ſie von den ſtoffbezeichnenden Subſt. nicht zu unterſcheiden.

Ann.: Außerdem gibt es adjekt. gebrauchte Pron., Zahlwörter und Partizipien: *Dieselfde vrou was gister hier. Daar is maar min water in die dam. Ons het 'n deurdringende reën gehad. Die gebreekte wiel van die wa moet weer reggemaak word.*

Übungen — Oefeninge

a) Bilde kurze Sätze, in denen folgende Adj. prädiſativ vorkommen!

<i>groot</i> (groß)	<i>treurig</i> (traurig)	<i>donker</i> (dunkel)
<i>goed</i> (gut)	<i>pragtig</i> (prächtigt)	<i>koud</i> (kalt)
<i>aangenaam</i> (angenehm)	<i>gesond</i> (geſund)	<i>onwillig</i> (unwillig)
<i>kwalik neem</i> (übelneh-)	<i>diep</i> (tief)	<i>gehoorsaam</i> (gehörſam)
<i>kosbaar</i> (koſtbar) [men]	<i>lelik</i> (häßlich)	<i>kwaai</i> (böſe)
<i>beroemd</i> (berühmt)	<i>vrolik</i> (fröhlich)	<i>lang</i> (lang)
<i>droog</i> (trocken)	<i>mak</i> (zähm)	<i>slim</i> (klug)
<i>nat</i> (naß)	<i>deugſaam</i> (tugendhaft)	<i>laag</i> (niedrig)

moeilik (mühsam)	ontevrede (unzufrieden)	arm (arm)
hoog (hoch)	eentonig (eintönig)	breed (breit)
helder (hell)	bevrees (ängstlich)	klein (klein)
lief (lieb)	vlug (schnell)	stout (unartig)

b) Unterschiede in nachfolgendem Lesestück die attributiv gebrauchten Adjektive!

Lesestücke — Lees oefeninge

1. Die ideale Kombuis

'n Lugtige kombuis met glimmende wit porselein, blink aluminium-ware, kleurryke verf en veral handige, doelmatige werktgereedskap, daarin bestaan die huisvrou se droom van 'n ideale kombuis. Met so'n uitrusting voel sy, kan sy die hele wêreld versit. Veral die kookgereedskap waarmee die moderne kombuis uitgerus word, moet so bruikbaar moontlik wees. Die huisvrou moet onthou dat die grootste gedeelte van haar dag se werk in die bereiding van die voedsel lê en vir dié doel moet sy alles so tyd- en werkbeparend moontlik hê. Die kombuis moet aan altwee vereistes voldoen. — Waar die meeste huisvrouens na soek is seker 'n manier om die skottelgoed-wassery te vergemaklik en te verkort. Die meeste van hulle ken reeds daardie vuurvaste glasware en die goudbruin erdeware, wat in die warmste oond gestee kan word, sonder gevaar dat dit sal bars. Noudat sy hulle eenmaal gebruik, wil sy tot die ou manier van vuil, aangebrande potte met nog 'n hoop opdien-skottels boonop, nie terugkeer nie.

Die vloer is bedek met donker-blou wasbare teëllinoleum; die mure met ligte blou verf beskilder; teëls of linoleum in ligte blou bedek die onderste gedeelte van die mure; die meubels is helder-blou en die houtwerk wit; die gordyntjies is van oranje en blou geruite katoen. Die rangskikking is sodanig dat die werk bespoedig en vergemaklik word; nabymekaar is die skottelgoedrak, wasbak en kombuiskas, en dit in die beste lig, voor die venster. Die tafel het 'n wit, wasbare enommelblad en handige kassies en laaie. Selfs 'n ouderwetse steenkoolstoof in 'n uitgeboude hokkie sal nie afbreuk kan doen aan die gerief en skoonheid van die kombuis nie. In die hoek van die kombuis staan die nuwe besem. Langs die blink stoof staan 'n groot kas waarin die vuurmaakhout lê. Aan die bruin rak teen die muur hang die wit koppies. Die pierings staan op die breë rak, in die kassies van die groot tafel is die messe, vurke en lepels, die vleisborde staan in die spens.

Uit „Die Huisgenoot“

2. Uit die Koerant — Aus der Zeitung

Geklassifiseerde Advertensies

BOERDERY- BENODIGHEDE

PLANTERS ens., Hooi-
harke en Egge. —
Almal splinternuut. Ho-
ward se 2-ry-planters met
kunsmistoestel. £ 12/10/-.
Zig-Zag-egge, 12 voet, 269
pond, met pypvormige
koppelstang, 65/-. Self-
lossende Hooiharke, 10
voet, £ 10/10/-. K. M. B.,
V.O.S. Miller-Wyndham
Morris, P. K. Miller, K. P.

MALARIA en die Mus-
kiet. — As u glo dat
die muskiet die oorsaak
van Malaria is, verminder
dan dierisik van aanvalle
deur skermes aan die bui-
tedeure en -vensters en
die verandas van u huis
aan te bring. As u dit ge-
doen het, hou u ook vlieë
buite. Ons het Monel-
gaas in voorraad; dit is
deurgaans van wit metaal
en absoluut roesvry. Ver-
kry prysopgawes van ons
vir volledige skermes of
vir die gaas alleen. Groen
en gegalvaniseer ook
voorrading. Skryf vandag.
Môre kan dit te laat wees.
— Hansford Bpk., Posbus
974, Durban, en Posbus
4843, Johannesburg.

LESERS! Ondersteun
U ons Adverteerders?

GEMENG

DIE WONDERSEEP
maak alles in die huis
skoon: kombuisgereed-
skap, meubels, vloere,
deurknoppe, vensterruite,
ens., verwyder olie of
vetkolle van enige kle-
dingstof, asook van die
hande. Absoluut onmis-
baar vir die huisgesin.
Elk van 1 pond 1/6 posvry,
van Gesondheidslabora-
torium, 513 Mutualgebou,
Pretoria.

MOENIE daardie pot,
pan of ketel wat lek,
weggooi nie. Herstel hom
met „Mend-All“-metaal-
sement. Word so hard as
staal. Kan blink gevyl
word. 1/6 per pakkie, pos-
vry, of twee pakkies vir
2/6. — C. W. Hart, 753
Schoemanstraat,
Pretoria.

ESTCOURT-SPEK. —
Voorpart sonder be-
ne, 8d., keurige Rolspek,
9d., keurige Middelstuk,
1/3, Gerookte Ham, 1/3,
Posgeld 1/- vir 10 pond,
K.M.B. — Brokensha's,
Estcourt, Natal.

NOEM ASSEBLIEF
ONS KOERANT WAN-
NEER U AAN ADVER-
TEERDERS SKRYF.

LOSIES, HOTELLE, LOSIESHUISE

EERSTELAS ge-
meubileerde kamers,
met of sonder losies, naby
trems. — Doen aansoek
Warrington House, Kerk-
straat 321, P. Maritzburg.

IN die hartjie van die
stad, teenoor die Tuine,
modern, nuut gemeubi-
leer, elektrisiteit dwars-
deur; eersteklas ete, volop
vrugte en groente; losies-
geld billik. — Privaat
Hotel Victoria, 52 Ko-
ningin Victoriast., Kaap-
stad. Foon: Sentraal 292.
Onder nuwe bestuur.

MOSSELBAAI, vir u
vakansie, waar dit
warm in die winter en
koel in die somer is, heer-
like klimaat, minder wind
as in enige ander hawe
langs die kus, uitmun-
tende gholfbaan met 18
putjies, warm seewater-
baddens, danspartye,
krokkie, tennis, ens. Ver-
dere inligting van die
Sekretaris, Publisiteits-
vereniging, Bus 73, Mos-
selbaai.

C. Declination des Adjektivs

Verbuiging van die byvoeglike Naamwoord

- a) Selbständig, d. h. substantivisch gebrauchte Adj. erhalten stets -e: Die **dowe** het die geluid nie gehoor nie. Die **ryke** is daarom nie gelukkiger as die **arme** nie.
- b) Nur das attributivisch gebrauchte Adj. kann im Afr. die Beugungsendung -e erhalten. Hierzu gehören:

1. Die einsilbigen Adj. auf d, f, g, s:

auf **d**: 'n wilde streek, 'n harde pad:

- a) d wird zwischen Vokalen sowie nach langem Vokal (Diphthong) elidirt: 'n koue wind;
- b) nach kurzem Vokal, der in der Beugung kurz bleibt, wird der Konsonant verdoppelt: 'n gladde tong;

auf **f**: in der Beugung geht f in w oder Doppel-w über: 'n liewe kind, 'n growwe stem;

auf **g**: a) g wird wie oben d elidirt: 'n hoë toring, 'n leë beursie;

- b) Adj., die in der nbl. und oft auch dt. Grundform ein t aufweisen, fügen das t in der Beugung nach kurzem Vokal wieder ein: 'n slegte gewoonte, 'n sagte vrug;

- c) wie bei d wird auch das g hier verdoppelt: 'n vlugge voël, 'n logge gevaarte;

auf **s**: 'n dwase storie, 'n bose mens, die Joodse gevaar, die Franse taal:

- a) Bleibt der Vokal in der Beugung kurz, so tritt wie bei d und g Verdoppelung des End-s ein: Hy stap met rasse skrede, 'n krasse waarheid;

- b) Auch hier wird das in der nbl. Grundform vorhandene t in der Beugung wieder eingefügt: 'n juiste standpunt, 'n vaste besluit.

- c) Ausnahmen sind: fris weer, 'n los tand, bros hout.

2. Die mehrsilbigen Adj., mit Ausnahme derjenigen auf -er: 'n gehoorsame kind, 'n gewapende bende, die Engelse vloot. Hierzu gehören ebenfalls die Superlative und die Partizipien, die adj. gebraucht werden: Die vermaaklikste toneel, 'n gebreekte koppie, spelende kinders, stilstaande waters.

Anm.: Bei Adj. auf -el und -er (außer den Komparativen) sind Doppelformen gebräuchlich: 'n edel oder 'n edele mens, 'n seker oder 'n sekere dag, uit louter oder loutere liefde. Die Form ohne -e jedoch ist die gebräuchlichste.

3. In übertragener Bedeutung gebrauchte Adj. sowie Adj. die besonders betont werden.

Beispiele: (wörtlich):

'n arm kind
'n diep kloof
'n ryp perske
'n ryk man
'n skoon gesig
'n suur lemoen
'n vol beker
'n wys skoolkind ufw.

(übertragen):

'n arme kèrel
'n diepe indruk
'n rype ervaring
'n ryke verlede
'n skone geleentheid
'n sure ondervinding
met sy volle toestemming
'n wyse raad ufw.

4. Alte Beugungsformen (Genitiv- und Dativformen) treten noch in einer Anzahl von stehenden Redensarten auf: goedsmoeds, blootshoof, te goeder trou, ten ewigen dage, niks nuuts, iets groots, velerlei, ten goede, van ganser harte u. a.

Übungen — Oefeninge

a) Ergänze die richtige Adjektivform:

1. Die pad loop deur 'n (wild) en (woes) streek.
2. Die (swaar) waens kan maar moeilik oor die (glad) pad ry.
3. Die (kou) wind maak 'n (dof) geruis deur die (hoog) bome.
4. Die (vlytig) dogtertjie van ons (oud) buurman is 'n (lief) kind.
5. 'n (Sleg) gewoonte moet 'n mens afwen.
6. Die (vlug) voëls verlaat ons in die (straf) winter.
7. In die (groot) dorpe woon die (ryk) mense in (hoog) huise.
8. Dis 'n (boos) mens wat die (ongelukkig) armes nie help nie.
9. Die (ou) skaapwagter het 'n (dwaas) storie vertel.
10. Die (gelukkig) boer stap met (los) skrede oor sy (mooi) plaas.
11. Die (laas) vergadering het 'n (vas) besluit geneem.
12. 'n (Doods) stilte het in die (groot) saal geheers.
13. Ons kan die (slaafs) handelwyse van die man nie goedkeur nie.
14. Die (verruklik) toneel het die Toeskouers baie geboei.
15. Die (gebreek) horlosie kan nog reggemaak word.
16. 'n (Intellektueel) ontwikkeling van die (Afrikaans) jeug is van (groot) belang.
17. Die misstap sal hy ten (ewig) dage beklaag.
18. Die dief is op (heet) daad betrap.

19. Ek wens jou van (gans) harte 'n (gelukkig) en (voorspoedig, nuut) jaar toe.

20. In die lewe van (ieder) mens is daar veel (goed) maar ook baie (sleg).

b) Verwende volgende Adj. in kurzen Sätzen: 1. attributiv, 2. präfixativ!

groot, goed, aangenaam, silwer, dood, hard, kosbaar, beroemd, droog, nat, vrolik, moeilik, grof, helder, lief, swaar, trots, woes, breed, donker, kwaai, gehoorsaam, kinderagtig, lang, vol, spaarsaam, koper, dapper, warm, rooi, bitter, wreed, wyd, sleg, juis, kalm, hulpeloos, ewig, vrymoedig, diep.

Beispiel: Die man is 'n goeie vader. — Die brood is goed.

c) Übersetze ins Afrikaans!

Die Mühle von Sanssouci

Als Friedrich der Große sich das Schloß Sanssouci gebaut hatte, stürzte ihn, wie erzählt wird, das Geflapper einer dicht danebenstehenden Mühle, und er ließ den Müller sagen, er wolle sie ihm abkaufen, wieviel er auch haben wolle. Der Müller wollte aber nicht darauf eingehen. Da ließ ihn der König vor sich kommen.

„Hör' Er“, sagte der König, „Seine Mühle stört mich, ich will sie Ihm abkaufen. Wieviel will Er denn dafür haben?“

Der Müller aber blieb dabei, daß er sie nicht verkaufen könne; es sei ein altes Familienerbe; sein Vater und sein Großvater hätten schon die Mühle gehabt, und er wolle sie auch seinem Sohne hinterlassen. Da wurde der König ärgerlich und drohte, er werde nicht viel Umstände machen; er werde die Mühle abschäßen lassen, wieviel sie wert sei, und dann ihm das Geld geben. Der Müller ließ sich nicht einschüchtern und meinte, das würde doch wohl nicht gehen, denn es gäbe ja Gottlob noch ein Kammergericht in Berlin.

So gern der König die Mühle gehabt hätte — die Antwort freute ihn doch, und er hieß den Müller gehen. Die Mühle aber steht noch heutzutage da, dicht bei Sanssouci.

Wilhelm Schwarz

daarop ingaan — aanneem; Hör' Er — alte Anredeform in der 3. Pers.; droën — dreig; Umstände machen — komplimente maak; abschäßen — skat; einschüchtern — bang maak.

Leesestücke — Leesoeffeninge

1. Kilimandjaro

Eindelik, ons sien hom — Kilimandjaro, wat met sy sneeu-reine aanblik uit die verte so menigmaal die afgedwaalde reisiger in die

koorsige laeveld gelawe het. Teer soos 'n droombeeld, wat elke oomblik weggeblaas kan word, verhef die mistige blou gevaarte hom teen die dynserige westerlug, gedurig omring van wolke, wat hom elke oomblik aan die oog onttrek, en waartussen die sagte ronde omtrekke van sy ewige sneeukoepel alleen met moeite onderskei kan word.

Ons het die plek verbygegaan waar Outram, 'n ervare jagter, in die begin van hierdie jaar deur 'n gekwete leeu gedood is. En 'n bietjie verder die vermaarde Salaita-kop waar jong Afrikaners in die slag met Von Lettow se troepe by dosyne afgemaak is. In die verbygaan kon ons nog die ou skanse en nagemaakte kanonne, waarmee die onnosele aanvoerder van ons kant en sy jong span ongeoeffende soldate hulle in die hinderlaag laat lok het, bo teen die koppe sien. 'n Sweem van die tragiese wat aan hierdie twee plekke verbonde is, en wat in die verlatenheid van die veld reeds uitdrukking vind, het ons onwillekeurig tot die bewussyn gekom, ten spyte van die opgewondenheid, waarmee ons die verskyning van die groot sneeuberg begroet het. Op die plek, waar die onbekende regimente geval het en begrawe lê, staan 'n eensame, oer-oue kremetartboom en die noodlottige graskoppie, wat vir altyd as 'n monument daar sal bly. Waar Outram aan sy einde gekom het, groei net asgaairosse en haakdorings en strek die wildernis kleurloos aan alle kante uit. Die eerstes was baie, hierdie maar net een: en tog was dit die lot van die laaste, wat die meeste indruk op ons gemaak het. Daar was iets in soos die donker voorafskaduwing van 'n onheil, wat ons miskien ook kon tref.

Klompies wild het hulle reeds op ons pad begin vertoon — nou eens 'n trop wilde honde, dan weer hartbeeste en sebras, en 'n eindjie verder miskien 'n paar elande of 'n enkele kameel (Giraffe), wat soos 'n verdorde ou boomstomp ver op die kaalte afsteek. En die grootste gedeelte van die dag het ons deurgebring met van die een venster na die ander te hardloop op die een of ander se uitroep van bewondering of genot.

Onderwyl het die wolke eindelijk oopgetrek en die eerste duidelike gesig op Kilimandjaro toegelaat. Soos 'n koningin, wat haar lang wit sluiers afskud en in haar frisse skoonheid die sonskyn tegemoet tree, kom Kilimandjaro skielik uit die wegglyende wolke te voorskyn, en sy magtige sneeukoepel, wat soos 'n vleklose marmer-tempel op die hoë voetstuk van swaar-groen bosse rus, gloei in die lig van die ondergaande son. Ons was reeds aan sy voet, en ons kon nie help om te voel nie dat ons opkyk na die grootste en indrukwekkendste natuurpronkstuk van Afrika.

Uit Sangiro (A. A. Pienaar) „Op Safari“

2. Eensaamheid

My vuurtjie en ek is op wag —
my vuurtjie en ek alleen;
die awend-ster
wink al van ver,
en die velde slaap omheen.

En stadigies sterwe die dag,
soos een in sy armoed verlaat,
ongesien, ongeag,
sonder suggie of lag, [praat.
waar niemand van weet of van

Nou bly die lug alom
in stil aanbidding staan —
geen tampende bel
wat die ure tel:
net die sterre wat kom en gaan.

Die osse, met koppe gebuie,
herkoue nog stil in die nag,
tot een vir een buk
en gaan lê by sy juk,
met 'n sug, ná die trek van die dag.

My vuurtjie is al wat nog leef
in die eindeloos ruim met my,
en sy stemmetjie dwaal
soos 'n deuntjie wat draal
om dae lank verby,

Om jonkheids blye môre
en laggies lank verlewe.
Dan voel ek 'n traan
in my oë staan
en ek fluister: „Heer, vergewe!“

Die slapende velde lê wyd,
en wyer die donkere see,
wat my vuurtjie en my
vanawend skei
van die wêreld se vreug en wee;

Ek weet daar's fees vanaand
in menig verligte saal,
maar geeneen wat my mis
by die dans en die dis —
'n balling vergeet en verdwaal.

Maar al is ek, ver van die skaar
in eensaamheids-woning getrede,
ek voel my soos een
met die Heer alleen —
'n kind aan Sy boesem tevrede.

J. F. E. Celliers (1865—)

§ 19

Die Steigerungsstufen — Die Trappe van Vergelyking

Die drei Steigerungsstufen im Afr. sind:

- a) der Positiv oder die Grundstufe (die stellende trap): My vriend het 'n ryk oom.
- b) der Komparativ oder die Mehrstufe (die vergrotende trap): My vriend het 'n ryker oom.
- c) der Superlativ oder die Meiststufe (die oortreffende trap): My vriend het die rykste oom.